

IN DIE NOORD GAUTENG HOOGGEREGSHOF, PRETORIA
(REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)

SAAKNR: **54397/07**

In die saak tussen:

21/2/2013

LEONARD CHARLES SCHUBACH

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOELASSING IS

(1) RAPPORTEERBAAR: JA/NEE.

(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTE: JA/NEE.

(3) HERSIEN. ✓

31/1/2012

DATUM

HANDTEKENS

en

DIE MINISTER VAN VEILIGHEID EN

SEKURITEIT N.O.

1ste Verweerder

DIREKTEUR VAN OPENBARE

VERVOLGING N.O.

2de Verweerder

UITSPRAAK

- [1] Die eiser se eisorsaak teen die verweerdere is gebaseer op beweerde kwaadwillige vervolging. Eiser is naamlik op 14 Maart 2005 gearresteer en aangehou deur lede in diens van die eerste verweerder. Tydens die arrestasie was die eiser ook in diens van die eerste verweerder en het die rang van kolonel bekleed. Eiser was op daardie stadium gestasioneer by die Radiobeheer-Eenheid te Silverton. Na sy arrestasie is eiser vir 'n tyd aangehou. Die

aanvanklike klagtes teen eiser was dié van onwettige besit van vuurwapens, ammunisie en die besit van 'n volle outomatiese wapen. Hierdie klagtes is later gewysig na besit van ongelisensieerde vuurwapens en besit van 'n verbode wapen in terme van artikel 4(1)(d) van die Wet op Wapens en Ammunisie, Wet 60 van 2000 ("*die Wet*"). Dit is gemeensaak dat eiser onskuldig bevind is op al die aanklagte.

[2] Hoewel eiser in die pleitstukke ook op die eisoorzaak van onregmatige arrestasie steun is hierdie eis deur die eiser laat vaar voor die verhoor 'n aanvang geneem het. Uit die pleitstukke is dit voorts duidelik dat die volgende aspekte nie in geskil is nie:

- Dat lede in diens van die eerste verweerder klagtes teen die eiser gelê het;
- Dat beide verweerdes middellike aanspreeklikheid erken;
- Dat eiser verhoë gerig het ten aansien van die vervolging maar dat tweede verweerder steeds voortgegaan het met die vervolging;
- Dat eiser gearresteer en aangehou is;

- Dat eiser eventueel op borgtog vrygelaat is; en
- Dat eiser voldoen het aan die vereistes van Wet 40 van 2002.

[3] Benewens vir die kwantum wat, indien bewys, in elke geval in geskil is, ontken die verweerders die volgende:

- Eerste verweerder ontken dat die klagtes kwaadwillig gelê is;
- Die verweerders ontken dat die klagtes wat gelê is op sterkte van vals inligting gelê is;
- Verweerders pleit dat eiser nie gemagtig was om die betrokke wapens in 'n polisiekluis te hou nie;
- Beide verweerders pleit dat daar 'n *prima facie* saak vir oortreding van die Wet teen eiser uitgemaak is;
- Beide verweerders ontken dat die dienspistool (waarna hieronder in meer besonderhede verwys word) regmatig in eiser se besit en/of in die betrokke kluis was;

- Tweede verweerder ontken dat daar nie voldoende gronde bestaan het om te glo dat daar met die vervolging voortgegaan moes word nie.

[4] Eiser getuig dat hy tydens die arres 31 jaar diens gehad het en op daardie stadium kolonel in die Suid-Afrikaanse Polisiediens was. Hy het laasgenoemde diens verlaat na 34 jaar en op vervroegde pensioen gegaan. Tans doen hy deeltydse sekuriteitswerk. Hy het in 2008 uit diens van die eerste verweerder getree. Voor sy uitdienstreding was hy bevelvoerder van die Operasionele Eenheid. Hy was as sodanig, onder andere verantwoordelik vir die Begeleidingseenheid wat begeleiding verskaf het aan items wat namens die Reserwebank vervoer is. As sodanig, was hy dikwels uitstедig en het sy verpligtinge hom onder andere na Kaapstad, Durban en ander stede geneem. Daarbenewens het die Duikeenheid ook onder sy bevel geval.

[5] Die gedeelte by die Silvertonse Blitzpatroolie waar die eiser se Eenheid geleë was, het oor drie instapkluisе beskik. Die sleutels wat toegang tot die kluisе verleen is nie deur die eiser self gehou nie. Op die betrokke dag van die eiser se arrestasie was Adjudant-Offisier Visser die draer van die betrokke sleutels. Die prosedure was normaalweg dat indien 'n lid toegang tot een

van die klui se wou bekom, die sleuteldraer (in hierdie geval Visser) genader sou word om die kluis oop en toe te sluit.

- [6] Op 14 Maart 2005 is eiser by sy werkplek genader deur Kaptein Hartel, Superintendent Snyders en nog 'n polisie-offisier. Die gemelde drie het aan die eiser gesê dat hy die kluis moet oopsluit. Dit het daarna geblyk dat hulle al drie die instapklui se in gedagte gehad het. Die eiser het daarop vir Adjudant-Offisier Visser laat weet dat hy die kluis se sleutels moet bring en aan die gemelde drie here oorhandig. Die eiser getuig dat hy nie geweet het wat aan die gang was nie. Al wat aan hom gesê is, is dat daar gesoek word na 'n AK47 en dat die kluis oopgesluit moes word. Visser het daarop die betrokke kluis oopgesluit. Binne-in die instapkluis was daar verdere kleiner klui se/trommels wat die eiendom van eiser was. Eiser het hierdie klui se/trommels op 'n later stadium self oopgesluit. In die eerste trommel is vuurwapens wat aan ene Mnr Storm behoort ("die Storm-wapens") maar wat deur 'n Mnr van der Merwe aangekoop is, aangetref. Die eiser het verduidelik dat die vuurwapens deur Van der Merwe aan hom toevertrou is met die versoek om dit veilig te bewaar hangende Van der Merwe se aansoek om 'n versamelaarslisensie. Van der Merwe het hom ook meegedeel dat Villieria Polisiestasie nie die vuurwapens vir bewaring wou inneem nie. Binne in die trommel was Van der Merwe se bewyse vir die aankope van die vuurwapens. Snyders

het daarop die trommel toegemaak en gesê dat "*its a lot of nonsense, lets go*" waarop Hartel toe vir Brigadier Ntengu gebel het. Daarop het Hartel vir Snyders gesê indien Snyders nie die eiser in hegtenis neem nie, dan kan hy, aldus Brigadier Ntengu, "maar saamgaan selle toe". Dit wat op hierdie stadium tussen Snyders en Hartel gebeur het is nie deur eerste verweerder in getuienis weerlê nie. Op daardie stadium het eiser vir Snyders eenkant toe geroep en gevra wat hulle daar soek. Dit was op daardie stadium dat Snyders gesê het hy soek na 'n AK47. Eiser het daarop aangedui dat hy so 'n vuurwapen vir Snyders sal uitwys.

Eiser het daarop die AK47 sowel as 'n R1 'n R4 en 'n LMV aan Snyders uitgewys. Hierdie wapens het los in die kluis gestaan en was nie deel van die wapens in eiser se persoonlike kleiner kluis nie. Volgens eiser se getuienis is die AK47, 'n R1, 'n R4 en 'n .357 rewolwer wapens wat deur die Duikeenheid onder sy bevel uit 'n dam uitgeduik is en wat in die kluis gebêre is nadat dit in die vuurwapenregister, wat ten aansien van die kluis gebruik word, aangeteken is. Na hierdie wapens word verwys as "die damwapens". Die vuurwapenregister toon inderdaad (bladsy 346 van die bewysstukbundel) dat hierdie vuurwapens op 17 Januarie 2005 as gevonde eiendom by 'n duiktoneel gevind is.

Eiser het getuig dat dit normale prosedure is dat wapens wat onder water gevind is vir 'n tyd lank gebêre word ten einde te poog om die roes wat daarop voorkom, "*op te los*" of "*sag te maak*". Wanneer die roes na bevrediging "*sag*" of "*opgelos*" is word die wapen versigtig geskuur en word daar gepoog om die wapens se nommers sigbaar te kry en, na aanleiding van die nommers wat so gevind word, kan 'n ondersoekproses na die oorsprong van die wapens gedoen word. In hierdie besondere geval het die eiser die wapens wat op 15 Januarie 2005 deur die Duikleenheid uitgeduik is, tot op 17 Januarie 2005 in sy motor se bagasiebak op die terrein van die Blitzpatrollie bewaar, waarna dit in die betrokke register opgeneem is en in die kluis geplaas is.

Die eiser se getuienis in hierdie verband is wesenlik gestaaf deur die getuies Van Vuuren, Spang en Liebenberg. Al hierdie getuies bevestig die proses soos deur eiser verduidelik met betrekking wapens wat tydens amptelike duikoperasies gevind word. Visser en Liebenberg staaf voorts dat die betrokke register deur die Duikleenheid gebruik is ten opsigte van wapens wat deur die Eenheid tydens duikoperasie gevind word en dat dit in hierdie geval ook so gebeur het.

- [7] Eiser se verduideliking ten aansien van die "*damwapens*" is voorts dat daar uiteraard nie 'n ondersoekbeampte ten aansien van sulke

wapens kan wees nie aangesien die oorsprong daarvan onseker is. Sodra die wapens nader geïdentifiseer kan word dit wil sê nadat die roes "*opgelos*" het, word die vuurwapens òf aan 'n polisiestasie oorhandig of vir vernietiging geormerk òf oorhandig aan die betrokke ondersoekbeampte. Dit kan egter eers gebeur nadat die aanvanklike "*sagmaakproses*" afgehandel is. Eiser sê ook dat hy in daardie tyd baie uitstedig was en andersins baie besig was en daarom nie vroeër van die vuurwapens ontslae kon raak nie. Hy sê egter dat hy nie daaroor bekommerd was nie aangesien hy daarvan oortuig was dat dit nie in die verkeerde hande kon beland nie omdat daar net een persoon was wat die houer van die sleutels van die kluis was.

- [8] Ten aansien van die "*Storm-wapens*" waarna reeds hierbo verwys is, het eiser getuig dat al die ter sake dokumentasie van hierdie wapens binne in die trommel was. Geen getuienis tot die teendeel is deur verweerders aangebied nie.
- [9] 'n Volgende "*groep*" wapens wat in die instapkluis aangetref is, is die sogenaamde "*sekuriteitswapens*" of "*Kruger-wapens*". In hierdie verband getuig eiser dat hy deur 'n vriend versoek is om die wapens vanaf Polokwane in sy besit te neem en dat daar 'n permit uitgereik is deur die sekuriteitsmaatskappy, synde die lisensiehouer van die wapens, dat die wapens deur eiser vervoer

mag word na Pretoria. Hierdie wapens, aldus die eiser, was in dieselfde polisiekluis toegesluit tesame met eiser se "permit" om in besit daarvan te wees en die lisensies ten opsigte van hierdie wapens.

[10] Die eiser is ook uiteindelik aangekla van besit van sy eie vuurwapens waarvoor hy lisensies gehad het. Eiser getuig dat hy die lisensie vir die arresterende beamptes getoon het en hulle ingelig het dat dit sy vuurwapens is.

[11] Die eiser is voorts ook vervolgt ten aansien van sy P38 dienspistool wat deur die SAPD aan hom uitgereik is en op sy SAP108 as sodanig aangedui word. Ook hierdie dienspistool is binne in die kluis aangetref.

[12] Daarbenewens is items wat waarskynlik as "*plofstof*" of "*springstof*" aangedui kan word binne in die kluis aangetref. Dit sluit in sekere ligfakkels of "*flairs*" en "*rook-en skok granate*". Die eiser is nie aanvanklik van die besit van hierdie items aangekla nie maar op die finale klagstaat wel. Hierdie items is in die groot instapkluis in kaste gevind en nie in eiser se privaatkluis nie.

[13] Voorts is eiser aangekla van sekere ammunisie wat in die kluis gevind is en waarna later weer verwys word.

[14] Die eiser getuig dat sy eie vuurwapens se lisensies met 'n rekkie aan die wapens geheg was. Die ammunisie wat in die kleiner kluis gekry is was ook waarvoor hy lisensies gehad het. Die eiser is verder adamant daaromtrent dat hy nooit, hetsy voor die oopsluit van die instapkluis of daarna, van enige redes deur Snyders of Hartel voorsien is waarom hulle die kluis wou binnegaan of wat dit is waarna hulle soek nie. Hierdie getuienis is nie weerlê nie. Die enigste verwysing was die een na die AK47, reeds hierbo na verwys. Eiser is ook nooit gekonfronteer met enige bewerings ten aansien van die ter sake wapens nadat dit aangetref is nie, hetsy in die instapkluis of die kleiner kluis binne-in die instapkluis. Hy getuig dat hy uit eie beweging die verduidelikings, soos hierbo na verwys, ten aansien van al die wapens verskaf het. Hy beklemtoon ook dat die AK47, die R1, die R4 en die Rohn 357 rewolwer in die rakke in die stoor was en nie in sy privaatkluis nie. Dieselfde geld vir die plofstof of springstof. Ook hierdie getuienis is nie weerlê nie.

[15] Die eiser is op die toneel in hegtenis geneem en na die Villieria Polisiestatie geneem waar hy 'n waarskuwingsverklaring afgelê het. Die waarskuwingsverklaring verskyn op bladsy 159 van die bundel. Daarvolgens het eiser, op regsadvies, bloot gesê hy "*sal in die hof praat*". In sy getuienis in die hof het hy gesê dat wat

hy kon verduidelik hy reeds op die toneel aan die polisiebeamptes verduidelik het. Hy was boonop nie seker presies wat die klagtes teen hom behels nie en het daarom gedink dat dit beter sou wees indien hy nie probeer om, op grond van die gebrekkige inligting tot sy beskikking, besonderhede in die waarskuwingsverklaring weer te gee nie. Die eiser is in die polisieselle aangehou vanaf ongeveer 17h30 op die dag van sy arrestasie, tot ongeveer 11h00 die volgende dag waarna hy op borg vrygelaat is.

[16] Soos reeds hierbo na verwys het Adjudant-Offisier Visser insake die dra/hou van die kluissleutels getuig.

[17] Mnr van Vuuren, 'n gewese Sersant in die SAPD verbonde aan die Springstofeenheid vir 7 jaar, asook 'n duiker in diens van die SAPD, bevestig die prosedure wat ten opsigte van wapens wat onder water gevind is, gevolg word. In hierdie opsig staaf hy wesenlik die eiser se getuienis. Ten aansien van die springstowwe getuig hy dat dit "*militêre georiënteerde goed*" is wat vir polisie-doeleindes in die kluis gestoor is. Dit is egter nie "*hoë springstof*" nie maar word bestempel as "*puro-tegnies*" omdat dit gebruik word vir beligting (ligfakkeis) en rookgranate. Hy getuig ook dat hierdie springstowwe in- en uitgeboek moet word uit die

kluis en dat dit so in die register aangeteken was. Omdat die kluis 'n amptelike SAPD kluis was, was die teenwoordigheid van die springstof in die kluis na sy oordeel wettig.

[18] Mnr Spang, vir 20 jaar lid van die SAPD en onder andere verbonde aan die Blitzpatrolie, getuig ten opsigte van die damwapens. Hy bevestig dat hy die persoon was wat hulp gevra het met wapens wat aldus by die Rooodeplaat Dam onder water gevind is. Hy bevestig dat die wapens reeds genoem aldus in die dam aangetref is. Omdat dit reeds sterk skemer was toe die wapens uit die water gehaal is (in die teenwoordigheid van die eiser) het die eiser gesê dat hy die wapens sal neem en sal "inboek". Die eiser het die wapens in sy motor se katebak geplaas. Hy bevestig ook die prosedures soos gevolg ten opsigte van die verwydering van roes van sodanige wapens. Sou die wapens nie roes op hê nie sal dit onmiddellik na die naaste polisiestasie geneem word. Andersins sou dit nie sin maak om laasgenoemde te doen nie aangesien die oorsprong van die wapens onseker is.

[19] Mnr Liebenberg getuig dat hy in 2005 lid van die SAPD was naamlik die Blitzpatrolie. In Maart 2005 was hy die persoon wat normaalweg in beheer was van die instapkluis se sleutels. Indien enigiemand, die eiser ingesluit, toegang wou hê, moes hulle hom

kontak en hy sou dan die sleutels verskaf. Hy bevestig dat daar baie wapens in die betrokke instapkluis was asook springstof. Hy bevestig ook die bestaan van 'n register waarin alles wat in en uit die kluis gegaan het, aangeteken is. Dit sluit die eiser se privaatwapens in. Die betrokke register is te alle tye in die kluis gehou en daar toegesluit. Hy identifiseer die dokumentasie vanaf bladsy 302 tot en met 307 van die bewysstukbundel as synde die kluis-inventaris waarop die beheer oor vuurwapens wat in en uit die kluis gaan, aangeteken is. Hy bevestig voorts dat die dokumente wat op bladsy 346 en 347 van die bundel verskyn betrekking het op die damwapens en die plofstof en dat dit deel uitmaak van die register wat vir die gemelde doeleindes gebruik is.

[20] Dit, dan, in essensie die getuienis namens eiser en sy getuies ten aansien van die gebeure op die dag van eiser se inhegtenisname, die prosedures ten aansien van die beheer oor die kluis met betrekking tot sleutels en registers en die omvang van die wapens wat in die kluis aangetref is. Hieronder word, waar nodig, in meer besonderhede na hierdie aspekte verwys.

[21] Die eerste klagstaat is deur die eiser ontvang op 8 Maart 2006. Die besonderhede daarvan verskyn in die bewysstukbundel p.264 tot 266, 267 tot 269. Hierdie klagstate met aanhangsels daartoe

is aangeheg by die vertoë wat namens eiser na aanleiding van die klagtes teen hom, aan die tweede verweerder gerig is. Die vertoë self verskyn op bladsy 254 tot en met 263. Die vertoë namens die eiser verskyn voorts op bladsy 393 en verder.

[22] Veral ter sake vir die huidige doeleindes is die volgende gedeeltes van die vertoë namens die eiser aan die tweede verweerder gerig:

1. Par(a):

"Die wapen vermeld in aanklag 1 is 'n polisie diens wapen wat uitgerelk was aan die beskuldigde deur die Suid-Afrikaanse Polisie diens. Die wapen was in die stoor in die amptelike brandkluis geplaas vir veilige bewaring. Sien "A12", "A16" en "A21" van die dossier. Die beskuldigde kan nie onwettig in besit wees van 'n amptelike polisie wapen nie."

2. Par9(b):

"Die wapens vermeld in aanklag 2, 3, 9, 10, 14, 15, 16, 17 en 18 is alles wapens wat op die beskuldigde se naam gelisensieerd is en waarvoor daar 'n geldig vuurwapenlisensie uitgereik is. Sien hierby aangeheg

aanhangsel "LS2" waar sodanige afskrifte van die vuurwapenlisensies voorkom. Sien ook "A12" wat dit bevestig."

3. Par9(f):

"Die wapen vermeld in aanklag 8 is die eiendom van die beskuldigde se eggenoot. Dit dien vermeld te word dat die beskuldigde en sy eggenoot tussentyds, na die beslaglegging, geskei is en tydens die beslaglegging was die beskuldigde en sy eggenoot steeds getroud. Sien "A22" in die dossier."

"Met betrekking tot die klagtes van die onwettige besit van ammunisie, aanklag 22 tot 25, is dit duidelik dat die beskuldigde wel in besit was van geldige lisensies om sodanige ammunisie te besit." (In hierdie verband is na sekere aanhangsels tot die vertoë verwys).

- [23] Die getuienis van Adv Meintjies namens die tweede verweerder ten aansien van die eiser se privaat wapens was dat *"...selfs in Mnr Schubach se vertoë was daar nie korrek verwys na watter is sy vuurwapens nie. Ek wou heeltemal seker maak dat hulle moet weet ons kla nie meer aan vir die besit van vuurwapens wat in*

Mnr Schubach se vrou se naam gelisensieer is nie. Daardie klagtes val weg." Hierdie getuienis van Adv Meintjies sluit aan by haar handgeskrewe nota op p.422. Die handgeskrewe nota is gerig aan *"The Senior Prosecutor"* en is afkomstig van die twee advokate verbonde aan die tweede verweerder se personeel, wat aanvanklik die meriete van die klagtes in die lug van die eerste klagstaat, oorweeg het. Adv Meintjies se handgeskrewe nota lees: *"The charges should not include also the firearms registered in the name of the accused and his wife."* Insgelyks het Adv Meintjies vervolging ten aansien van die onwettige besit van die vuurwapens van die eiser en sy eggenote, doodgetrek soos dit in paragraaf 2.4 van die skrywe op bladsy 423 voorkom.

- [24] Met betrekking tot paragraaf 2.3 van die skrywe van 25 Julie 2006, p.422 van die bundel lees paragraaf 2.3 soos volg: *"Contravening the provisions of section 4(1)(d) of the Firearms Control Act – 14 counts."* In hierdie verband getuig Adv Meintjies dat dit gaan oor die *"ontploffbare stowwe"*. Die klagtes ten aansien van hierdie ploffstowwe was nie deel van die aanvanklike klagstaat teen die eiser nie. In daardie verband getuig Adv Meintjies soos volg: *"Daardie klagte was aanvanklik nie gestel nie, maar by heroorweging het Mnre Mashile en Nkobeni besluit maar daar moet so 'n klagte wees en ek kon nie daarmee fout vind nie, dit het vir my heeltemal korrek gelyk."* Adv Meintjies, as

die senior advokaat betrokke, het gevolglik aanbeveel dat die eiser ten aansien van die plofstowwe aangekla behoort te word.

[25] Opsommend, dus, het Adv Meintjies aanbeveel dat daar nie voortgegaan moet word met die klagtes ten aansien van die eiser se persoonlike vuurwapens en die van sy vrou, asook die ammunisie ten aansien van sodanige wapens nie. Om redes waarvoor sy geen verduideliking kon bied nie is eiser egter wel hiervan aangekla: die klagstaat deur die betrokke aanklaer(s) in diens van die tweede verweerder saamgestel, toon dit aan. Aan die ander kant het sy wel aanbeveel dat die eiser aangekla behoort te word ten opsigte van die plofstowwe wat uiteindelik by wyse van 14 klagtes bygevoeg is.

[26] 'n Volgende aspek wat oorweging verdien, is die posisie ten aansien van die eiser se dienspistool. Dit is naamlik 'n 9mm Parabellum P30 semi-outomatiese pistool met verwysingsnommer 272634. Dit is gemeensaak dat dit 'n polisiewapen is. In hierdie verband getuig Adv Meintjies dat, volgens die inligting tot haar beskikking, die gemelde wapen reeds in Januarie 2003 "... oorgedra was van Mnr Shubach se 108, wat ek aanvaar het is sy amptelike magtiging of permit, na 'n kluis toe en dat die A21 nie kennis dra hoe dit dan nou tussen hierdie wapens wat Mnr Schubach so apart gehou het nie en dat dit nie behoorlik van 'n

register ook gehou was nie. In die vertoë was daar dood eenvoudig net namens Mnr Schubach gesê dit was 'n amptelike uitreiking, sonder dat daar enigsins gepoog was om die nodige permit voor te lê en in terme van die Wapenbeheerwet moet daar in iedere persoon wat in beheer is van 'n vuurwapen 'n permit gegee word. So daar was geen permit voorgelê nie. Ek het geen rede gehad om te aanvaar dat dit inderdaad nog deur hom hanteer is as sy amptelike dienspistool nie.” Sy voeg later in haar getuienis by dat “...uit die dossier was dit duidelik, dit was oorgeplaas van sy permit, sy 108, na 'n stoor en daar is geen register op rekord van hoekom dit nou gevind is waar dit gevind was nie.” Sy maak gevolglik en uiteindelik die afleiding dat “*dus hy het nie 'n 108 om te wys dat hy in regmatige besit is van die vuurwapen nie.*”

- [27] Hierdie getuienis moet gesien word tesame met die van Kolonel Hannes Brits van die Provinsiale Kommissaris se kantoor te Potchefstroom. Hy is in oorhoofse beheer by die Suid-Afrikaanse Polisie se voorradestelsel. Hy getuig dat 'n polisiebeampte op sy 108 uitreiking slegs een sy-wapen mag hê en dat dit sodanig bepaal word deur Staande Order 48. Hy getuig ook dat hy die stelsel nagegaan het en vasgestel het dat die P38 pistool met nommer 272634 verander is vanaf die eiser se 108 uitreiking en dat dit in 2003 oorgeplaas is na kluis nommer B27064. Hy spekuleer duidelik as hy sê dat laasgenoemde kluis by die

radiobeheer-eenheid sou wees. Onder kruisverhoor is hy verder uitgevra rakende die SAP108 stelsel en hy het bevestig dat indien 'n wapen ingetrek word op 'n 108 dit op laasgenoemde gekanselleer moet word. Die eiser se 108 dokument is daarop aan die getuie getoon. Uit die dokument blyk dit dat eiser se handwapen nie op die SAP108 gekanselleer is nie. Hy kan egter nie ontken dat dit die enigste SAP108 is wat die eiser ooit ontvang of besit het nie. Onder kruisverhoor gee hy onomwonde toe dat hy nie weet waar die kluis met nommer B2706 is nie. Hy het ook toegegee dat indien die P38 op 'n polisieperseel en in 'n polisie kluis geplaas is, die besit van die wapen nie onwettig kan wees nie. Die eiser se SAP108 verskyn op bladsy 132 van die bewysstuk bundel en daaruit blyk dit dat die enigste handwapen aan hom uitgereik, inderdaad die 9mm parabellum pistool met nommer 272634 is.

- [28] In die lig van die inhoud van die SAP108 kan die inhoud van die verklaring van Inspekteur Pieter Jacobus de Wet soos dit op bladsy 197 van die bewysstuk bundel verskyn, in die volgende opsigte nie korrek wees nie:

"2.

Die vuurwapen met Nr 272634, 'n Walther Pistoool 9x19mm, wys volgens #7.9.9 op die VAS stelsel dat die wapen sedert 2003/012 in kluis B27064 is.

3.

Die genoemde wapen is vanaf Superintendent Schubach se SAP108 oorgeplaas na die kluis tydens 'n volledige voorraadopname wat deur 'n provinsiale inspeksiespan hanteer is.

4.

Die genoemde wapen reflekteer nêrens in die kluis register nie en sover my kennis strek was die wapen nooit onder my beheer uit die kluis geboek nie."

Behalwe dat die deponent nie aandui waar “*kluis B27064*” geleë is nie strook die inhoud van paragraaf 3 duidelik nie met die objektiewe getuienis wat uit die SAP108 van die eiser blyk nie. Voorts kan De Wet se verklaring in die lig van Brits se getuienis dat “*die wapen nie gekanselleer kan word indien die wapen nie fisies ontvang is nie,*” nie korrek wees nie. Brigadier Mokganyana getuig dat De Wet verantwoordelik was vir die inventaris waarin die wapens wat in elke kluis hehou is, aangeteken moes word. De Wet sou ook verantwoordelik wees om toe te sien dat wanneer eiser se dienspistool “ingetrek” word, die wapen fisies ingeneem word. Die inhoud van eiser se SAP108 en wat De Wet sê, strook eenvoudig nie met mekaar nie. Daarbenewens word dit in die verklaring van MT Marais op bladsy 189 van die bundel gesê dat die betrokke pistool toegeken is aan die Silverton Blitzpatrollie, soos op 2005/04/18. Dit is gemeensaak dat die eenheid onder die eiser se bevel op dieselfde perseel as die Silverton Blitzpatrollie geleë was. Die posisie ten opsigte van eiser se dienspistool soos dit op sy SAP108 aangedui word, kon maklik, en deur die uitoefening van redelike sorgsaamheid, deur die SAPD vasgestel word. Dit is nie gedoen nie.

- [29] Samevattend ten aansien van die drie aspekte hierbo na verwys is die gevolgtrekking die volgende:

1. Soos Adv Meintjies tereg aanbeveel het was daar geen *prima facie* saak daarvoor uit te maak om die eiser aan te kla ten opsigte van sy persoonlike vuurwapens waarvoor hy lisensies gehad het, asook die ammunisie vir daardie wapens nie. Sy gee tereg toe dat eiser nie op hierdie aspekte vervolg moes gewees het nie. Sy kan uiteraard geen verduideliking gee waarom die Streekhofaanklaers wel vir eiser hiervan aangekla het nie. Haar antwoord op die advokaat se stelling aan haar in kruisverhoor, naamlik dat sodanige vervolging "roekeloos" gedoen is, beantwoord sy deur te sê dat eiser in elk geval onskuldig bevind sou gewees het op hierdie klagtes. Hierdie antwoord kan egter geen effek hê op die beoordeling van die regspraak, soos hieronder na verwys word nie.

2. Ten aansien van die plofstowwe en/of springstowwe is die gronde waarop Adv Meintjies besluit het dat die eiser aangekla moet word, die volgende. Menere Mashile en Ngobeni het aanbeveel dat hierdie klagtes bygevoeg moet word d.w.s. oortreding van art 4(1)(d). Mevrouw Meintjies se beweegredes waarom die klagte ten aansien van die springstowwe bygevoeg moes word, beïndruk my nie. Hier onder oorweeg ek die regsimplikasies daarvan. Die getuienis toon dat sy "geen idee" gehad het dat die items van 'n militêre aard was nie; dat sy "geen idee" gehad het dat dit moontlik deel van 'n normale

uitreiking aan die SAPD was nie; dat sy die feit dat daar geen verwysing na hierdie items in die dossier, eiser se vertoë of die eerste klagstaat was nie, geen gewig by haar gedra het nie; dat sy besluit het om hierdie klagte by te voeg sonder om verdere navrae in die verband te oorweeg en op sterkte van haar aanname dat eiser verdere vertoë kon/moes rig, indien hy dit nodig sou ag. In effek gee sy onder kruisverhoor toe dat haar besluit om die klagte by te voeg 'n oorsig kon gewees het en dat sy in elk geval gedink het dat eiser "met 'n verskoning" soos dat "die goed uitgeduik is" vorendag sou kom. Sy het reeds in haar hoofgetuienis gesê dat "...daar was geen verduideliking of enigiets vir die besit van daardie plofstowwe nie, daarom is die klag gelê." (p. 87 x 9-11). Ek kom hieronder terug op die regsraad van Adv Meintjies se optrede. In die algemeen bevind ek dat Adv Meintjies te veel klem laat val het op die "arsenaal van wapens" wat "onwettig" in die kluis aangehou is, dermate dat haar objektiewe oordeel ten opsigte van die springstowwe daardeur beïnvloed is. Dit is voorts insiggewend dat die getuie namens die verweerders, Kolonel Bopape, getuig het dat indien die rookgranate en ligfakkels deur middel van 'n inventaris aangedui is, daar geen probleem mee kan wees nie.

3. Ten aansien van die dienspistool het die teenstrydige aard van die dokumentasie ter beskikking van die vervolgingsgesag

tesame met die feit dat 'n blote inspeksie van die SAP108 op die onsekerheid sou gedui het, tot gevolg dat ook hierdie aanklag ongesubstansieer was. Eweneens kom ek hieronder terug op die regsaard van die optrede deur die vervolgingsgesag.

- [30] Die feit van die eiser se onskuldigbevinding ten aansien van die balans van die klagtes teen hom speel geen direkte rol by die oorweging van die vrae wat tans voor my dien nie. Dit is bloot 'n voorvereiste vir eiser om sy huidige eis te kon instel. Ten aansien van die balans van die klagtes bevind ek dat daar, objektief gesien, wel voldoende gronde bestaan het vir die tweede verweerder om te besluit om die eiser ten aansien daarvan aan te kla. In ieder geval het eiser onder kruisondervraging toegegee dat die vervolging ten aansien van die Storm-wapens, die Kruger-sekuriteitsvuurwapens en die Dam-wapens nie op kwaadwillige vervolging dui nie. Die eiser se verduideliking aangaande sy besit van die Storm-wapens kon wel redelikerwys betwyfel word: sy verduideliking aangaande die Kruger-sekuriteitswapens was insgelyks vatbaar vir betwyfeling: en sy verduideliking ten aansien van die dam-wapens kon minstens betwyfel word op sterkte van die tydsduur waarin hierdie wapens in die betrokke kluis gehou is.

[31] Die eerste verweerder het geen getuienis aangebied wat daarop dui dat, minstens wat die eiser se dienspistool, sy persoonlike vuurwapens en ammunisie, en die springstowwe betref, daar redelike gronde vir vervolging bestaan het nie. Die getuienis wat wel deur die verweerders gesamentlik in die verband aangebied is regverdig nie enige ander afleiding as dat, op 'n oorwig van waarskynlikhede, die vervolging ten aansien van die genoemde aspekte deur die aanwending van redelike sorg, voorkom kon gewees het nie. Die vraag wat steeds oorweging verdien is of die optrede van beide die verweerders in die verband, voldoende is om eiser se eisorsaak te bewys.

[32] Sedert die beslissing in **Moaki v Reckett & Coleman (Africa) Limited 1968 (3) SA 98 (A)** staan dit vas dat Engelsregtelike terminologie soos "*malice*" en "*motive*" nie deel van ons reg aangaande *iniuria* uitmaak nie: Die toepaslike remedie is die "*actio iniuriarum*" met "*dolus*" as aanspreeklikheidsvereiste. Appèlregter Wessels stel dit soos volg:

"It follows, in my opinion that, although it became customary to allege 'malice' in pleadings in actions of the type now under consideration, our law has always required

a plaintiff to prove the existence of the requisite legal intention to injure, without requiring him to establish in addition the defendant's motive, i.e., that he acted maliciously."

Hierdie benadering is bevestig in **Lederman v Moharal Investments (Pty) Ltd 1969 (1) SA 190 (A) 196** asook in **Prinsloo v Newman 1975 (1) SA 481 (A) 492.**

[33] Die vereistes wat aanwesig moet wees alvorens 'n eiser met 'n aksie op grond van kwaadwillige vervolging kan slaag, is die volgende:

1. Die verweerder moet die vervolging aangestig het.
2. Die verweerder moet sonder redelike gronde opgetree het.
3. Die verweerder moet met *animo iniuriandi* gehandel het.
4. Die vervolging moet misluk het.
5. Die eiser moet nadeel (vermoënskade of persoonlikheidskrenking) gely het.

[34] Die inwerkingtreding van die Grondwet, 1996, het tot gevolg gehad dat die gemenereg en statutereg vatbaar is vir verbetering en/of aanpassing ten einde dit in ooreenstemming met die

grondliggende waardes van die Grondwet te bring. Artikel 39(2) bepaal soos volg:

"When interpreting any legislation, and when developing the common law or customary law, every court, tribunal or forum must promote the spirit, purport and objects of the Bill of Rights."

Die staatsregtelike bedeling is tans gefundeer op die waardes wat in artikel 1 van die Grondwet uiteengesit word. Daardie waardes sluit in, *"human dignity, the achievement of equality and the advancement of human rights and freedoms"* (artikel 1(a)). Dit het tot gevolg gehad dat die begrip *"menswaardigheid"* (*"human dignity"*) se tradisionele betekenis en inhoud verruim is ten einde dit in ooreenstemming met die Grondwet te bring. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld: **Neethling: Persoonlikheidsreg, Butterworth, 1998, p.21:**

"Afgesien van die normale deliksaksies geniet hierdie persoonlikheidsregte dus nou ook grondwetlike beskerming."

Neethling verwys ook na die artikel van **JM Burchell** in **Zimmerman & Visser (Redakteurs) Southern Cross – Civil**

Law & Common Law in South Africa (1996) waar die skrywer sê dat:

"Symbiotic growth of both the personality rights protected by the actio iniuriarum and equivalent rights under the Constitution is inevitable and highly desirable."

(p653)

[35] Hierdie regsontwikkeling is gestalte gegee deur die Volbank beslissing in **Heyns v Venter 2004 (3) SA 200** waar Van Rooyen WnR (waarmee Smit R. saamgestem het) erkenning gegee het aan die verhoogde waarde wat aan die begrip "menswaardigheid" geheg word, in die lig van die Grondwet. Die uitspraak verwys na die beslissing van die Konstitusionele Hof in **Khumalo & Others v Holomisa 2002 (5) SA 401 par.[27]** waar O'Regan R die volgende gesê het:

"The value of human dignity in our Constitution is not only concerned with an individual's sense of self-worth but constitutes an affirmation of the worth of human beings in our society. It includes the intrinsic worth of human beings shared by all people as well as the individual reputation of each person built upon his/her own individual achievements."

The value of human dignity in our Constitution therefore values both the personal sense of self-worth as well as the public's estimation of the worth or value of an individual."

Met verwysing na die beslissing in **Marais v Groenewald en 'n Ander 2001 (1) SA 634 (T)** wys Van Rooyen WnR daarop dat onregmatigheidsbewussyn, inaggenome die hoë premie wat die Grondwet op waardigheid plaas, nie subjektief hoef te bestaan in die geval van laster nie. As die verweerder redelikerwys moes besef het dat wat hy aan derdes publiseer onregmatig is, word voldoen aan die vermelde vereiste. Op sterkte hiervan bevind Van Rooyen WnR dat "(daar) bestaan geen rede om die benadering nie ook van toepassing te maak op die onderhawige vorm van die *actio iniuriarum* nie." (sien 208H – 209A).

Van Rooyen WnR kom dan tot die volgende gevolgtrekking:

"Ek is van oordeel dat die waardigheid van 'n persoon op onredelike wyse benadeel sou kon word, indien daar as verweer geopper sou kon word dat onregmatigheidsbewussyn afwesig was. Dit is wel so dat die verweerder belas sou wees met die weerleggingslas om die afwesigheid van onregmatigheidsbewussyn aan te toon, maar omdat daar so maklik getuig sou kon word dat die

persoon gedink het dat onskuldige gedrag 'n misdaad is, soos in die onderhawige geval, sou dit strydig met regsbeleid wees om so 'n persoon goedsmoeds te laat opper dat hy gedink het die gedrag is 'n misdaad. Die omvang van regsonkunde is soms so skreiend, dat dit nie 'n verweer behoort te wees in die privaatreg nie. Ander beleidsoorwegings geld in die Strafrege (vgl *S v De Blom* 1977 (3) SA 413 (A)). Die ideaal bly egter om onregmatigheidsbewussyn te verg by die *actio iniuriarum*. Soms moet dit egter die knie buig voor die eise van 'die veronderstelde omvang van die kwaad', soos in die geval van die media – vgl *National Media and Others v Bogoshi* (supra) – en ook in die omstandighede waarin die laster by wyse van 'n geskrif, wat ook wyd versprei is, in *Marais v Groenewald* en 'n Ander (supra) plaasgevind het. Ek is van oordeel dat die geldingsgebied van kwaadwillige vervolging, in die lig van die sentrale grondwetlike beskerming van waardigheid, uitgebrei moet word indien dit blyk dat 'n verweerder in 'n kwaadwillige vervolging-saak op grof nalatige wyse gedink het dat 'n bepaalde handeling van iemand anders neerkom op 'n misdaad en die klag aangestig het, behoort hy nie as verweerder te kan opper dat hy nie geweet het dat dit nie 'n misdaad is nie. Om

seker te maak dat hierdie ontwikkeling van die gemenereg nie te ver gaan nie, moet growwe nalatigheid vereis word."

- [36] In 'n vonnisbespreking van die beslissing in **Heyns v Venter** (sien 2003 THRHR op 693) lewer Neethling die volgende kommentaar:

"Regter van Rooyen se bevinding dat growwe nalatigheid voldoende vir aanspreeklikheid is, is nietemin 'n stap in die regte rigting. Hy gaan egter nie ver genoeg nie. Wat nodig is, is dat die regspraak, om goeie oorwegings ... en op die voetspoor van Bogoshi en Marais, die knoop moet deurbak om die beskerming van die persoonlikheid met die actio iniuriarum op een lyn met die nalatighedsgrondslag van die actio legis Aquiliae vir vermoënskade te plaas."

En dan op 694:

"Na my mening behoort die verweerder se graad van verwytbareheid of afwyking van die standaard van die redelike persoon nie 'n invloed op die vestiging van aanspreeklikheid weens 'n iniuria (laster en kwaadwillige vervolging inbegrepe) te hê nie. Indien eenmaal aanvaar word dat vermoënsbelange en persoonlikheidsbelange

gelykwaardig beskerm behoort te word, en dat nalatigheid immer 'n voldoende skuldverwyf is, is dit die logiese konsekwensie."

Neethling verwys dan ten slotte na die analise van die begrip "growwe nalatigheid" deur **Scott AR** in **MV Stella Tingas Transnet Limited t/a Portnet v Owner of the MV Stella Tingas 2003 (2) SA 473 (HHA) op 480 – 481**, waar die geleerde regter tot die volgende gevolgtrekking kom:

"It follows, I think, that to qualify as gross negligence the conduct in question, although falling short of dolus eventualis must involve a departure from the standard of the reasonable person to such an extent that it may properly be categorised as extreme; It must demonstrate, where there is found to be conscious risk-taking, a complete obtuseness of mind or, where there is no conscious risk-taking, a total failure to take care. If something less were required, the distinction between ordinary and gross negligence will lose its validity."

[37] Met verwysing na die bepalings van artikel 39(2) van die Grondwet het die Konstitusionele Hof in **Carmichele v Minister of Safety & Security 2001 (4) SA 938 (CC)** gesê dat:

"It follows implicitly that where the common law deviates from the spirit, purport and objects of the Bill of Rights the Courts have an obligation to develop it by removing that deviation" (par[33]).

Die Konstitusionele Hof beklemtoon voorts dat:

"...that the obligation of Courts to develop the common law, in the context of the section 39(2) objectives, is not purely discretionary. On the contrary, it is implicit in section 39(2) read with section 173 that where the common law as it stands is deficient in promoting the section 39(2) objectives, the Courts are under a general obligation to develop it appropriately" (par[39]).

Die toepassing van artikel 39(2) geskied in twee fases:

"The first stage is to consider whether the existing common law, having regard to the section 39(2) objectives, requires development in accordance with these objectives. This inquiry requires a reconsideration of the common law in the light of section 39(2). If this inquiry leads to a positive answer, the second stage concerns itself with how such

development is to take place in order to meet the section 39(2) objectives” (par[40]).

Die Konstitusionele Hof wys ook op die volgende:

“Our Constitution is not merely a formal document regulating public power. It also embodies, like the German Constitution, an objective, normative value system. As was stated by the German Federal Constitutional Court:

‘The jurisprudence of the Federal Constitutional Court is consistently to the effect that the basic right norms contain not only defensive subjective rights for the individual but embody at the same time an objective value system which, as a fundamental constitutional value for all areas of the law, acts as a guiding principle and stimulus for the Legislature, Executive and Judiciary’”

(par[54]).

Uit die voorgaande volg dit dat:

"(under) section 39(2) of the Constitution concepts such as 'policy decisions and value judgments' reflecting the 'wishes ... and that the perceptions ...of the people' and 'society's notions of what justice demands' might well have to be replaced, or supplemented and enriched by the appropriate norms of the objective value system embodied in the Constitution." ([par56]).

[38] Hoewel daar myns insiens, en in die lig van die voorgaande, heelwat te sê is vir die benadering deur Neethling voorgestel tot die effek dat die skuldvorm wat vir eise gegrond op kwaadwillige vervolging vereis word, dieselfde moet wees as in die geval van vermoënsregtelike skade gegrond op die Actio Legis Aquiliae, is ek gebonde deur die regspraak neergelê deur howe van hoër status. Na my oordeel laat die beslissing in **Heyns v Venter supra** voldoende ruimte vir die benadering deur Neethling voorgestaan. Die geldende regspraak bepaal egter anders. Ek verwys vervolgens na die tersake beginsels.

[39] In **Minister for Justice & Constitutional Development v Moleko** [2008] 3 All SA 47 (SCA) op 53 par [20] is die volgende rakende 'n eis gebaseer op kwaadwillige vervolging gesê:

" Reasonable and probable cause, in the context of a claim for malicious prosecution, means an honest belief founded on reasonable grounds that the institution of proceedings is justified.

The concept therefore, involves both a subjective and an objective element:

' Not only must the defendant have subjectively had an honest belief in the guilt of the plaintiff, but his belief and conduct must have been objectively reasonable, as would have been exercised by a person using ordinary care and prudence.'"

Met klaarblyklik goedkeurende verwysing na **Heyns v Venter** supra te para.13-14, sê die Hoogste hof van Appèl in **Moleko** supra op 64 par [64] dat;

"The defendant must not only have been aware of what he or she was doing in instituting or initiating the prosecution, but must at least have foreseen the possibility that he or she was acting wrongfully, but nevertheless continued to act reckless as to the consequences of his or her conduct (dolus eventualis). Negligence on the part of the defendant (or, I would say, even gross negligence) will not suffice."

Kyk ook **Relyant Trading Pty Ltd v Shongwe** [2007] 1 All

SA 375 (SCA) op 378c-g

[40] By die toepassing van die gemelde kriteria op die feite in die onderhawige saak, kom ek tot die volgende gevolgtrekkings:

1. Ten opsigte van die eiser se eie vuurwapens en ammunisie:

Die vervolging van die eiser was, objektief gesproke, nie op redelike gronde gebaseer nie. Die getuienis van Mev Meintjies plaas hierdie aspek bo twyfel. Haar aanbevelings in die verband is nie deur die ander tersake amptenare in diens van die tweede verweerder nagevolg nie. Sodanige nie-navolging was nie net objektief onredelik nie maar was roekeloos ("reckless") in die sin soos hierbo aangehaal.

2. Die klagte ten opsigte van die plofstowwe: die besluit om te vervolg was nie objektief op redelike gronde gebaseer nie en die oorwegings deur mev Meintjies in ag geneem, konstateer nie objektiewe redelike gronde nie; die besluit was roekeloos in die sin soos hierbo na verwys.

3. Die klag ten opsigte van die dienspistool: die besluit om te vervolg is geneem op grond van 'n aantal aannames reeds hierbo na verwys: op die minste moes mev Meintjies verdere navrae gerig het ten aansien van die onsekerhede wat die aangeleentheid onderlê het; eweneens ontbreek objektiewe redelike gronde hier en was haar optrede roekeloos soos in die aangeduide sin.

[41] Ek bevind gevolglik dat eiser sy saak in die drie opsigte hierbo na verwys, op 'n oorwig van waarskynlikhede teen die tweede verweerder bewys het.

[42] Die eerste verweerder en sy beamptes was by uitstek in 'n posisie om onduidelikhede en onsekerhede ten opsigte van eiser se persoonlike vuurwapens en ammunisie, eiser se dienspistool, asook die springstowwe, vinnig en effektief op te klaar. Daar is geen sweem van getuienis dat sulke pogings wel aangewend is nie. Inteendeel, die gebrekkige inligting is aan die tweede verweerder oorgedra sonder dat die baie ooglopende gebreke daarin, of vraagstukke wat maklik oplosbaar was, enigsins aangespreek is. By die toepassing van die ter sake kriteria het eiser sy saak teen die eerste verweerder ten aansien van dieselfde drie aspekte op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys.

[43] Ten aansien van die balans van die klagtes bevind ek egter dat daar nie deur eiser bewys is dat sodanige klagtes voldoen aan die gestelde kriteria nie. Vir die doeleindes van wat volg word hierdie klagtes buite rekening gelaat.

[44] Met betrekking tot kwantum het die advokate my na 'n wye verskeidenheid gewysdes verwys. Wat eiser se persoonlike omstandighede betref neem ek in ag dat die vervolging 'n ingrypende uitwerking op sy lewe en loopbaan gehad het. Sosiaal en werksgewys

was die uitwerking ingrypend. As senior polisie-offisier en bevelvoerder was die proses waaraan hy onmiddellik voor en tydens sy inhegtenisname onderwerp is, vernederend en traumaties. Hy is geboei en agter in 'n polisievoertuig gesit. Sy aanhouding vir die hierbo aangeduide tydperk (17h30-11h00 die volgende dag) was eweneens vernederend en traumaties. Die vervolgingsproses self was uitgerek (ongeveer twee jaar en drie maande) en het met heelwat publisiteit in die openbare media gepaard gegaan. Hy is aanvanklik sonder voordele uit sy werk geskors. Sy huis is deursoek.

Ek aanvaar eiser se getuienis dat sy aanvanklike regskoste ongeveer R93 000 beloop het. Eiser beweer ook dat die klagtes teen hom 'n uitwerking op sy huwelik gehad het. Sy posisie by sy werkplek na die klagtes teen hom ingebring is en hangende die afhandeling van die saak, was sodanig dat hy nie langer kans gesien het om in diens van die SAPD te bly nie en het hy gevolglik met vervroegde pensioen uit die diens getree. So het sy loopbaan van 34 jaar tot 'n einde gekom. Tans doen hy "los werkies" as sekuriteitsbeampte.

[45] Elke saak moet op sy eie meriete beoordeel word wat kwantum betref. Vergelykbare sake word wel van kennis geneem. Die sake verskyn in die advokate se uitvoerige hoofde en ek herhaal dit nie. Ek het daar behoorlik van kennis geneem. Dit is voldoende om op te merk dat geeneen van die sake waarna ek verwys is werklik vergelykbaar is

met die huidige geval nie. Hoewel ek dus kennis neem van die breë raamwerk van die toekennings wat gemaak is en die oorwegings wat in elke geval in ag geneem is, ag ek dit nie vanpas om die huidige geval op te weeg teen enige van die voorgehoue sake nie.

[46] Die eiser is ten aansien van drie "groepe" klagtes wederregtelik vervolg, soos reeds hierbo bevind is. Ek neem wel die feit dat die eiser nie geslaag het om kwaadwillige vervolging ten aansien van die balans van die klagtes te bewys nie, in ag. Die oorblywende drie "groepe" klagtes waar die eiser in sy eis geslaag het, is egter, as sodanig, substantiewe klagtes. Die voorbereiding verbonde aan 'n verweer teen elk van die drie "groepe" klagtes het duidelik baie tyd en moeite in beslag geneem. Indien die eerste en tweede verweerders hulle pligte verrig het op 'n wyse soos hulle moes, dan sou eiser die tyd, moeite en wroeging gespaar gewees het om hom teen daardie klagtes te moes verweer.


[47] Alles in ag genome is ek van oordeel dat genoegdoening ten bedrae van R120 000 'n billike bedrag daarstel ten aansien van die deel van sy eis wat eiser kon bewys. Soos reeds hierbo bevind, is eiser ook geregtig op betaling van die bedrag van R93 000 uitgelê aan regskoste voor die instel van hierdie eis. Die feit dat eiser in hierdie hof slegs gedeeltelik slaag maak myns insiens geen verskil aan die feit dat hy op die stadium toe hy die R93 000 uitgelê het, geregtig was om aldus te

doen ten einde volledige regsadvies met betrekking tot die geheel van die klagtes teen hom, te bekom het nie.

Ek maak die volgende bevel:

1. Eerste en tweede verweerders word gelas om gesamentlik en afsonderlik, die een te betaal die ander vrygeskeld te word, die bedrag van R213 000,00 aan die eiser te betaal.
2. Eerste en tweede verweerders word gelas om rente *a tempore morae* bereken teen 15.5 % per jaar, bereken vanaf datum van dagvaarding tot datum van betaling, gesamentlik en afsonderlik aan eiser te betaal.
3. Eerste en tweede verweerders word gelas om gesamentlik en afsonderlik, die een te betaal die ander vrygeskeld te word, die eiser se koste van die geding te betaal.

DIT WORD SO GELAS.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'T.J. Kruger', with a stylized, cursive script.

T.J.KRUGER Wn.R